Laerskool Horison
WEES DOELGERIG

Weaverstraat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
PostNet Suite #78, Private Bag X1
Florida Hills, 1716
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

# OMSENDBRIEF 04 van 2026

***"Sit jou glimlag langs myne"***

**Bedankings:**
Al ons briewe word geborg deur **PNA** –
Flora Sentrum (011-672-4582), Horison (011-766-3366)
**Help 24**: dankie dat julle ons, by ons skool, veilig hou!
***Cool ideas**: fibre internet*

***Hyundai Weltevreden Park:***
*Skenking van 9 sitplek bussie*

2026-02-10

Geagte ouers

## ATLETIEK – CLUSTER

Ons is baie trots op al ons atlete wat mooi prestasies gelewer het tydens die cluster byeenkoms. Dit was 'n baie warm dag gewees, maar ons atlete het dit oorkom en deurgedruk. Die lang dag en program is veroorsaak deur die groot aantal skole wat deelgeneem het, waaroor ons nie beheer gehad het nie.
Baie dankie aan ouers wat ons gehelp het met verkope tot voordeel van ons sporttoere, ons het groot waardering daarvoor.
Baie dankie ook aan ons leiers wat orals gehelp het.

Sterkte aan ons diskus atlete wat vanmiddag by Laerskool Horison deelneem. Die veiligheidsnette by Ruimsig is afgesteel en diskus kan dus nie daar plaasvind nie.

Daar was baie uitdagings om hierdie byeenkoms moontlik te maak. Baie dankie aan mnr. Evan Coetzee en me. Nelie Kok en die hele span Horison personeel wat planne gemaak het, sodat atlete van 15 skole kon deelneem en kwalifiseer vir verdere deelname. Van die personeel was al 6 uur gister oggend by die stadion en het eers na 7 uur gisteraand vertrek. Baie groot dankie vir die ekstra myl wat u almal geloop het.

Baie sterkte aan al ons atlete wat gekwalifiseer het vir die Roodepoort Kampioenskappe wat gaan plaasvind op Maandag, 16 Februarie by Ruimsig stadion.

## SKAAK

Baie geluk aan die volgende deelnemers, wat plekke behaal het tydens die Skaak-interhuis proewe van Vrydag, 6 Feb.:

**<u>0/11:</u>**
3de Wynand Slabbert
2de Neimre Coetzer
1ste Dante Fourie

**<u>0/13:</u>**
3de Viljoen Nortje
2de Juwan Pelzer
1ste Matthew van der Merwe

## BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING

Ons het 'n vakature op die Beheerliggaam vir 'n ouerlid en daarom gaan ons 'n Beheerliggaam tussenverkiesing hou op Woensdag, **25 Februarie 2026**.

Ons beplanning is as volg:

1) Dinsdag, **10 Februarie** begin nominasies. Nominasie word per hand gedoen by me. Natasha Hattingh in die ontvangskantoor.
2) Vrydag, **20 Februarie** nominasies sluit.
3) Woensdag, **25 Februarie** stem. Ons wil 'n aanlynverkiesing doen soos met vorige verkiesing, maar wag nog vir toestemming van die distrik af.

Mnr. G.F. van der Walt
Hoof

## VOORLOPIGE TOETSROOSTER

**Voorlopige Toetsrooster Kwartaal 1 van 2026**

| Datum | Dag | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| 18/02/2026 | Woensdag | SW - Geografie | SW – Geografie | SW - Geografie | Projek – Geografie |
| 23/02/2026 | Maandag | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| 26/02/2026 | Donderdag | Engels | Engels | Engels | Engels |
| 02/03/2026 | Maandag | NW/Teg | NW/Teg | NW/Teg | NW |
| 05/03/2026 | Donderdag | English Language | | Zoeloe | EBW |
| 09/03/2026 | Maandag | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| 12/03/2026 | Donderdag | Projek – Geskiedenis | SW - Geskiedenis | SW - Geskiedenis | SW - Geskiedenis |

## GEMEENSKAPSRAAD



Ons wil graag elke Horie se kosblik vol maak.
Ons vra asb. hulp met:

- peuselhappies bv. skyfies of koekies
- enige smere vir broodjies bv. konfyt
- margarine
- klein vrugtesappies of water

Enige ander bederfie is ook welkom.

## KASKARDAG

Die lekkerste pretdag van die jaar is om die draai: Ja, dit is weer kaskardag!

**Deelname aan die dag kos R 40**. Hierdie geld moet asseblief by die voogonderwysers inbetaal word sodat elke kind vrylik kan deelneem aan al die pretaktiwiteite.

Elke kind ontvang ook ’n bladsy met ’n karretjie daarop wat ingekleur moet word soos hulle die verskillende dele van die kar verkoop. Die totale bedrag van die karretjie is R 150. Daar is ook ’n kompetisie vir die karretjie wat die mooiste ingekleur is per graad. Die hele karretjie moet verkoop wees om in aanmerking te kom vir die **inkleurprys van R 100.** Die karretjie wat die mooiste ingekleur is sal bepaal word deur die graadhoofde.

Daar is natuurlik **pryse** vir die leerders en die klasse wat die meeste geld op hierdie manier insamel:
Die wenklas in **elke fase** kry elkeen ’n gratis McDonald’s ete. Die leerders in **elke fase** wat die meeste geld ingesamel het wen ’n volle R 400!

Ons hou ook 'n kleurfees. **Die kleurfees se verf kos R 30 per sakkie**. **Deelname aan die kleurfees is absoluut vrywillig.** Kinders moet asseblief nie hulle nuutste klere aantrek vir hierdie geleentheid nie. Hulle moet ook ’n bril, masker of gesigdoek dra tydens die kleurfees.

**Kleuterskool:**
Die kleuters gaan nie op ’n kaskar ry nie, aangesien hul nog te klein is vir die groot kaskarre. Kleuters gaan wel op ’n balanseer fiets ry tydens die kaskardag

**Baie belangrik:**
Ons gaan nie in spesifieke kleure per graad aantrek nie. Ons vind dat ouers die T-hemde teen groot bedrae borg en dan word die hemp nie weer gebruik nie. Ons rig ’n ernstige versoek dat ouers eerder hierdie borggeld sal skenk aan die klas waarin hulle kind is om sodoende ons inkomste te vergroot. Op hierdie manier wen u kind dalk weer geld terug omdat hulle die meeste geld in die fase ingesamel het!

Almal word aangemoedig om hulle gelde so gou as moontlik in te betaal by hulle voogonderwysers.
Die program vir die dag: 20 Maart 2026

| **Tyd** | **Wat gebeur?** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 – 07:00 | Studentemans span die bane, opstel van klank | | | | | | | |
| 07:30 – 08:15 | Voogklas – inneem van gelde, afhandel van register ens. | | | | | | | |
| 08:15 – 08:45 | Grade beweeg na die veld en maak gereed vir deelname | | | | | | | |
| **Tyd** | **Gr R/RR** | **Gr. 1** | **Gr. 2** | **Gr. 3** | **Gr. 4** | **Gr. 5** | **Gr. 6** | **Gr. 7** |
| 09:00 – 09:35 | KASKAR | KASKAR | SPRING | KLEUR | SPRING | KASKAR | SPRING | SPRING |
| 09:35 – 10:10 | KASKAR | KLEUR | KASKAR | SPRING | SPRING | SPRING | KASKAR | SPRING |
| 10:10 – 10:45 | SPRING | SPRING | KLEUR | KASKAR | KASKAR | SPRING | SPRING | SPRING |
| 10:45 – 11:20 | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | KLEUR | KLEUR | SPRING | KASKAR |
| 11:20 – 12:00 | PARKIE | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | KLEUR | KLEUR |
| 12:00 – 12:35 | PARKIE | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING |
| 12:35- 13:00 | | OPRUIM EN SKOONMAAK – GAAN DAN NA VOOGKLAS | | | | | | |

**20 Maart**

Kleur jou karretjie in en betaal jou R150 dan kan jy op **Vrydae** vanaf 20 Februarie gewone klere aantrek.
Die mooiste inkleurwerk kom in aanmerking vir 'n lekker prys!

**Pretweek 16-19 Maart**

KasDAKAR Spanne: Graad 6 & 7 - Toyota
Graad 4 & 5 - Landdrover
Graad 2 & 3 - Ford
Graad 1 - Mini
Graad R - KTM
Graad RR en RRR – Honda

**Maandag 16 Maart:** Trek jou skoolklere en skoolskoene aan met FUNKY KOUSE

**Dinsdag 17 Maart:** Trek jou skooldrag aan en dra 'n FUNKY HOED of FUNKY HAARSTYL

**Woensdag 18 Maart:** Trek jou skoolklere aan en dra jou SPANKAR-EMBLEEM wat jy self gemaak het.

**Donderdag 19 Maart:** Trek aan soos jou gunsteling F1 RENJAER.

## JUNIORKOOR

Juniorkoor oefening Woensdag om 14:15 – 15:15 in juf Bernice se klaskamer a.g.v. redenaars in die saal.

## SENIORKOOR

Seniorkoor oefening Woensdag om 15:15 – 16:45 in die mediasentrum a.g.v. redenaars in die saal.

## SKAAK

Skaak oefening Vrydag om 13:00 – 14:00.




## INTERNE REDENAARS: FINALE REëLINGS EN TYE

Leerders neem komende Woensdag in die saal deel. Volle skooldrag met skoene asseblief. Aanvangstye vir afdelings is as volg:

Gr. 1 – 3 14:00
Gr. 4 – 5 15:00
Gr. 6 – 7 16:00

Deelnemers moet asb. 10 minute voor die begin van 'n sessie by die saal wees. Moet asb. nie die saal binnekom terwyl 'n spreker besig is om te praat nie.

Aan die einde van elke sessie word rubriek gelewer waarna die deelnemers kan verdaag. Toeskouers is welkom.

## SKOOL KOM VROEËR UIT VIR GR3's

Die skool kom môre, Woensdag, 11 Februarie vir graad 3's om 13:40 uit en nie om 14:00 nie a.g.v. Interne Redenaars wat plaasvind.

## RUGBY INLIGTING

Die rugby oefen Maandae en Donderdae van 15:00 tot 16:00.
17 Februarie is daar 'n Rugby inligtingsaand om 18:30.
Maandag, 23 Februarie sal rugby oefening amptelik begin op Maandae, Dinsdae en Donderdae, tye sal deurgegee word.
Die eerste wedstryd is op Donderdag, 26 Februarie te Laerskool Millennium.

## NETBALKAMP 0/10 TOT 0/12

Ouers word herinner dat die netbalkampfooie betaalbaar is voor die einde van Februarie. Die inligtingbrief is op 25 November 2025 uitgestuur en bevat alle relevante inligting.

## VALENTYN SOKKIE

Die Valentyn sokkie is op Vrydag, 13 Februarie 2026, slegs vir graad 5-7 leerders.




Tema: "Love is in the air"
Toegang: R30 en ontvang 'n "glowstick"
Tyd: 17:30 – 19:25 (Leerders wat nie stiptelik om 19:30 kom haal word nie sal ongelukkig nie die volgende sokkie mag bywoon nie.)

Los asseblief selfone by die huis.

Daar sal pizza, lekkers, water en koeldrank by die snoepie te koop wees. Bring asb. 'n geldjie saam en kom ondersteun die snoepie.

## VALENTYNSDAG PIEKNIEK

Op Vrydag, 13 Februarie 2026 sal daar 'n Valentynsdag piekniek vir die leerders (Graad RRR tot 7) wees.

Leerders kan hul piekniekmandjie en kombers bring en pouse op die rugbyveld piekniek hou.

Betaal R5 by jou voogonderwyser en dan kan leerders gewone klere aantrek. (Rooi, pienk, wit)



## KWARTAALPROGRAM 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Februarie** | 11 | Interne redenaars (Gr. 1-7) |
| | 13 | Valentyn sokkie |
| | 16 | Atletiek Roodepoort Kampioenskappe by Ruimsig stadion |
| | 17 | Rugby inligtingaand |
| | 18 | Netbal inligtingaand |

| | | |
|---|---|---|
| | 18 | Individuele, Klasfotos en Atletiek fotos |
| | 19 | Atletiek D12-kampioenskappe by Ruimsig stadion |
| | 20-21 | Rugby klinieke |
| | 25 | Beheerliggaam tussen-verkiesing |
| | 26 | Rugby en netbal vriendskaplike teen LS Millennium (weg) |
| **Maart** | 4 | Superreeks redenaars (tuis) |
| | 5 | Superreeks rugby en netbal groep wedstryde (tuis) |
| | 6-7 | 0/10 – 0/12 Netbal kamp |
| | 6-7 | Atletiek Gauteng kampioenskappe |
| | 10 | Rugby en netbal vriendskaplik teen Weltevredenpark Primary (weg) |
| | 12 | R/O eindig |
| | 13 | Skaak Stryd van Reuse |
| | 13-15 | 0/9 en 0/10 Rugbytoer – Zwartkloof |
| | 19-21 | Atletiek SA-kampioenskappe in Wes Kaap |
| | 20 | Superreeks skaak |
| | 20 | Kaskardag |
| | 21 | Superreeks rugby en netbal finale |
| | 25 | Mini-netbal en Tau-rugby (tuis) |
| | 26 | Oueraand |
| | 26-28 | 0/13A en B Netbalkamp |
| | 27 | Skoolsluit om 12:00 |
| | 30 -<br>1 Apr. | 0/11 en Eerste rugbyspan toer na Jubaweni |

**STICITT ARMBANDJIES**
**R 99.00**

**DENIMDAE: KWARTAAL 1 -4 = R80.00**
**R 80.00**

## 'N BROODJIE. 'N SPAN. 'N TOEKOMS.

**Geen kind moet met 'n honger magie leer nie.**

Vat 5 Maats is 'n broodjie-projek wat uit ons ouers se harte gebore is – gedra deur vrywilligers, gebou op saamstaan, en gevoed deur liefde.

Elke dag sorg ons saam dat 35–38 kinders by ons skool 'n voedsame middagmaal kry. Nie omdat hulle vra nie – maar omdat ons omgee.
Ons werk op 'n roterende basis:
Elke borg kry net 2 tot 3 beurte per kwartaal, om 'n broodjie vir pouses te voorsien. Dis klein moeite… maar maak 'n reuse verskil.

Maandae tot Donderdae: Geen lekkers of koeldrank nie.
Vrydae: 'n Klein bederfie is welkom (maar nooit verpligtend nie).

VAT 5 MAATS

**Ons het hulp nodig. Ons het jou nodig.**

Ons kort hande wat saam met ons wil dien, harte wat wil gee, en ouers wat saam met ons wil seker maak

As jy kan help – met tyd, met 'n broodjie, met 'n beurt, of net met bereidwilligheid – sluit asseblief aan by Vat 5 Maats. Saam kan ons help om te verseker dat geen kind met 'n leë maag leer nie.

**BLANCHÉ: 083 298 4481 OF ANNEMARIE: 082 486 9100**

## HOR MODE HUIS

KLEREWINKEL

**Maandae & Woensdae:** 14:00 tot 17:00

**Vrydae:** 13:00 tot 14:00
Afsprake na 14:00

**NATASHA - 076 337 8541**

*Laerskool Horison*



## Klerebank

Oop Maandae en Woensdae: 07:30 – 10:00
Kontak me. Sophia Gadney op 072 510 9233

https://foodsockfrenzy.co.za/



# SNOEPIE SPYSKAART

**HIERDIE SPYSKAART IS NIE BESKIKBAAR GEDURENDE FUNKSIES NIE - KYK ASB NA DIE FUNKSIE SPYSKAART**

**THIS MENU IS NOT AVAILABLE DURING FUNCTIONS - PLEASE HAVE A LOOK AT OUR FUNCTION MENU**

| | | |
|---|---|---|
| CHIPPIES | S | R10 |
| | M | R18 |
| | L | R23 |

| | |
|---|---|
| WARMBRAK (HOTDOG) | R20 |
| KAAS WARMBRAK(HOTDOG) | R22 |
| MINI TRAMEZZINI | R25 |
| CHIP ROLL | R17 |
| HOENDERSLAAI | R30 |
| 2-MINUTE NOODLES | R12 |

**TOAST BROODJIES:**

| | |
|---|---|
| KAAS | R18 |
| KAAS & TAMATIE | R20 |
| HAM & KAAS | R23 |
| HAM, KAAS & TAMATIE | R25 |
| HOENDER MAYO | R25 |

**BOU 'N ROLLETJIE (VARS ROLL)** -
HAM/KAAS/TAMATIE/BLAARSLAAI/
HOENDER MAYO

## MAANDAG

NUGGETS & CHIPS R35

KAAS WORSIE & CHIPS R35

## DINSDAG

HOENDER WRAP:
VOL - R38
½ - R19

TRAMEZZINI: HOENDER MAYO
VOL - R40
½ - R20

## WOENSDAG

| | |
|---|---|
| HAMBURGER | R35 |
| HOENDER BURGER | R30 |
| KAAS BURGER | R36 |
| RIB BURGER | R32 |

## DONDERDAG

GROOT PASTEIE (PIE): R25

MINI PASTEIE (PIE): R11

## VRYDAG

OOP SPYSKAART
OF
SPESIALE AANKONDIGING!

**PLAAS ASB JOU BESTELLING VROEG/VOOR SKOOL**

Jesus my

## Benodig u

# Partytjie pakkies

## vir u Horie se verjaarsdag?

**STAP 1:** **Kies die inhoud:**

**1) 1 x Klein Foxi Nax/Oozies**
**1 x Eye Ball**
**2 x 50c Sweets**
**3 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**R10 pp**

**2) 1 x Klein Foxi Nax/Oozies**
**1 x Eye Ball**
**2 x Fizzers**
**2 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**R12 pp**

**3) 1 x Klein Foxi Nax/Oozies**
**1 x Eye Ball**
**2 x 50c Sweets**
**3 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**1 x Zoom koeldrank**
**R16 pp**

**4) 1 x Fritos**
**1 x Klein Sjokolade**
**1 x Choc Paste**
**1 x Suigstokkie**
**1 x Zoom koeldrank**
**R20 pp**

**STAP 2:** **Bring vir ons sakkies of gee vir ons 'n tema/kleur en ons voorsien die sakkies (teen 'n ekstra koste)**

**STAP 3:** **Sit terug terwyl ons die pakkies pak en na u kind se klas neem op die dag van hul verjaarsdag**

**Gerda:**
**071 265 9651**

Jesus my
Laerskool Horison Snoepie

# Valentynsdag Piekniek Sakkies

## LEKKERNYE

1) 1 x Klein Foxi Nax
   1 x Eye Ball
   2 x 50c Sweets
   3 x Choc Paste
   1 x Suigstokkie
   - R10

2) 1 x Fritos
   1 x Ysie
   1 x Klein Kingsley
   - R20

3) 1 x Groot Foxi Nax / Popcorn
   1 x Groot Kingsley
   1 x Klein Sjokolade
   1 x Choc Paste
   1 x Suigstokkie
   - R30

4) 1 x Lays/Doritos
   1 x Coke Produk
   1 x Klein Sjokolade
   1 x Eye Ball
   1 x Shocker
   3 x Choc Paste
   1 x Sherbet Pop
   - R50

## Kos

5) 1 x Hotdog
   1 x Ysie
   1 x Lays/Doritos
   3 x Fizzers
   - R38

6) 1 x Chicken Burger
   1 x Klein Kingsley
   1 x Klein Sjokolade
   1 x Klein Foxi Nax
   - R50

Jesus my

Laerskool Horison Snoepie

# HYUNDAI

## Weltevreden Park

Cnr Kweper & Hendrik Potgieter Str

Tel: (010) 823 6857

## GRAND i10



From

**R3 199 pm***

NO DEPOSIT

| | YEAR 1 | YEAR 2 | YEAR 3 | YEAR 4 - 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1.0 MOTION M/T<br>R224 900 | R 3 199 | R 3 399 | R 3 699 | R 3 899 |
| 1.2 PREMIUM A/T<br>R269 900 | R 3 799 | R 4 099 | R 4 399 | R 4 699 |

*T's & C's Apply

## i20



From

**R4 399 pm***

NO DEPOSIT

| | YEAR 1 | YEAR 2 | YEAR 3 | YEAR 4 - 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 PREMIUM M/T<br>R309 900 | R 4 299 | R 4 699 | R 4 999 | R 5 399 |
| 1.4 PREMIUM A/T<br>R329 900 | R 4 599 | R 4 999 | R 5 399 | R 5 799 |
| 1.0 N-LINE DCT<br>R467 900 | R 6 499 | R 6 999 | R 7 499 | R 7 999 |

*T's & C's Apply

THE ALL NEW

# EXTER




From

**R3 699 pm***

NO DEPOSIT

| | YEAR 1 | YEAR 2 | YEAR 3 | YEAR 4 - 8 |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 PREMIUM M/T R269 900 | R 3 699 | R 3 999 | R 4 399 | R 4 699 |
| 1.2 PREMIUM A/T R294 900 | R 4 099 | R 4 499 | R 4 799 | R 5 099 |
| 1.2 EXECUTIVE M/T R289 900 | R 4 049 | R 4 349 | R 4 699 | R 5 049 |
| 1.2 EXECUTIVE A/T R314 900 | R 4 399 | R 4 699 | R 5 099 | R 5 499 |
| 1.2 ELITE A/T R334 900 | R 4 699 | R 5 099 | R 5 499 | R 5 799 |

*T's & C's Apply

TEAM WELTIES

SPRINGBOKS HYUNDAI PROUD PARTNER


INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
ONS SKOOL HET
SUPER
VINNIGE
INTERNET!